- (a) a person in possession of a South African law degree or a law degree recognised in South Africa, who is the chairperson of the advisory committee;
 - (b) an auditor registered in terms of the Auditing Profession Act, 2005 (Act No. 26 of 2005); and
 - (c) any other person or persons the Auditor-General in his or her sole discretion deems necessary.
- (3) The members of the advisory committee are appointed and remunerated in accordance with the terms and conditions determined by the Auditor-General.
- (4) Any person who in principle agrees to his or her appointment to an advisory committee must before his or her formal appointment by the Auditor-General, and prior to each hearing, declare any potential conflicts of interest.

Oral representations

17.(1) The hearing on the oral representations must be conducted in accordance with applicable law and the rules of natural justice.

- (2) The Auditor-General must timeously provide –
- (a) the members of the advisory committee with all relevant information pertaining to the matter; and
 - (b) the accounting officer, the accounting authority or the individual members of an accounting authority, as the case may be, with any documents not yet provided to him, her, them or it, or which cannot reasonably be expected to be in his, her, their or its possession.
- (3) Subject to subregulation (1), no employee of the Auditor-General or any other person may prior to the hearing on oral representations brief or otherwise interact with the advisory committee on the merits of the matter to be heard by it.

(4) During the hearing on the oral representations the accounting officer, accounting authority or the individual members of the accounting authority have the right to legal representation at his, her, its or their own expense.

(5) The members of the advisory committee may subject to directions by the chairperson of that committee ask any question or require explanations in respect of any issue relevant to the matter before the advisory committee.

(6) Subject to the direction of the chairperson of the advisory committee, that accounting officer, that accounting authority or those members of that accounting authority may submit written documents which may not previously have been included in the written submissions contemplated in regulation 13(d).

(7) Employees of the Auditor-General may in the sole discretion of the chairperson of the advisory committee attend the hearing on the oral representation, but such employees may not speak or submit any documents to the advisory committee, unless the chairperson of the advisory committee in his or her sole discretion permits otherwise.

(8) The Auditor-General must provide devices for an audio recording of the hearing, and the Auditor-General must upon written request by that accounting officer, that accounting authority or those members of that accounting authority in question forthwith and at no cost provide a copy of the recording of the hearing to that accounting officer, that accounting authority or those members of that accounting authority.

(9) If that accounting officer, that accounting authority or those members of that accounting authority fail or refuse to attend a hearing on oral representations, the advisory committee must in writing report that fact to the Auditor-General and the Auditor-General may proceed on the basis that that accounting officer, that accounting authority or those members of that accounting authority have abandoned his, her, their or its right to make oral representations.

Consideration of oral representations by advisory committee and report to Auditor-General

18.(1) The advisory committee must, when considering the oral representations contemplated in regulation 17, take into account –

- (a) all information provided to it by the Auditor-General prior to the hearing of the oral representations;
- (b) the oral representations made by the accounting officer, the accounting authority or the individual members of an accounting authority, as the case may be, and any

document submitted by that accounting officer, that accounting authority or those members of that accounting authority;

- (c) any norms and standards determined by the Auditor-General for this purpose, if any;
- (d) any applicable law; and
- (e) any other relevant factors.

(2) The advisory committee must within a period determined in writing by the Auditor-General submit its findings and recommendations to the Auditor-General on the oral representations made by that accounting officer, that accounting authority or those members of that accounting authority for consideration by the Auditor-General.

Issuing certificate of debt

19.(1) For purposes of this regulation and regulation 20, “accounting authority” means every person who was a member of the accounting authority during the period when the remedial action should have been implemented, and such person is jointly and severally liable for the payment of an amount determined in terms of any applicable law.

(2) The Auditor-General must within a reasonable period -

- (a) consider the findings and recommendations of the advisory committee contemplated in regulation 18(2); and
- (b) in terms of section 5B(1) of the Act but subject to subregulation (3), take a decision in respect of issuing a certificate of debt to the accounting officer or the individual members of that accounting authority, as the case may be.

(3) If applicable, the Auditor-General must when taking the decision contemplated in subregulation (2)(b) disregard the fact that a person who was an employee of the auditee or a member of the accounting authority, as the case may be, during the period when the remedial action should have been implemented, at the time of taking that decision no longer is such an employee or member.

(4) The Auditor-General must within a reasonable period and in writing inform that accounting officer or those members of that accounting authority of his or her decision on the issuing of the certificate of debt.

(5) If the Auditor-General has decided to issue the certificate of debt, he or she must –

- (a) in accordance with section 5B(1) of the Act, cause the certificate of debt to be served on that accounting officer or those members of that accounting authority ; and

- (b) in accordance with section 5B(2) of the Act, cause a copy of the certificate of debt to be served on the executive authority of the auditee,
together with –
 - (i) reasons for his or her decision; and
 - (ii) the date by when or intervals when that executive authority must in writing inform the Auditor-General of progress in complying with or executing the certificate of debt.
- (6) The certificate of debt contemplated in subregulation (5) –
 - (a) must be in the form provided for in the Annexure;
 - (b) must be signed by the person appointed as Auditor-General.

Collection of amount specified in certificate of debt

- 20.(1) The accounting officer or members of the accounting authority specified in the certificate of debt must pay the amount stipulated in that certificate of debt to the State.
- (2) The executive authority contemplated in section 5B(2) must within a period stipulated by the Auditor-General and thereafter at regular intervals as stipulated by the Auditor-General in the certificate of debt in writing submit progress reports to the Auditor-General on the recovery of the amount specified in the certificate of debt.
- (3) If the executive authority fails to comply with subregulation (2) or if inadequate progress is made with the recovery of the amount, the Auditor-General must in writing inform that executive authority of his or her intention to report that failure to the relevant legislature.

ANNEXURE**CERTIFICATE OF DEBT****Issued in terms of section 5B(1) of the Public Audit Act, 2004 (Act No. 25 of 2004)**

1. I, the undersigned _____,
Auditor-General of the Republic of South Africa, hereby issue this Certificate of Debt in terms of
section 5B(1) of the Public Audit Act, 2004, in respect of the debtor and for the amount specified in
this Certificate.

2. Full names of debtor:

Identity number (if available): _____

3. Amount of debt:

R _____

(in words) _____

together with interest applicable to the period between 30 days after this Certificate has been
served on the debtor and the date of full payment of the debt due.

4. Details of material irregularity: (if empty see attached annexure)

5. The executive authority responsible for the auditee in respect of which the material irregularity referred to in paragraph 4 of this Certificate has taken place must in accordance with section 5B(2) of the Public Audit Act, 2004, collect the amount specified in paragraph 3 of this Certificate from the debtor referred to in paragraph 2 of this Certificate. The relevant executive authority must in terms of section 5B(3) of the Public Audit Act, 2004, keep me informed of progress made in collecting the amount due on or before _____ and thereafter at least every three months until the debt is paid in full, failing which the matter will be reported to the relevant legislature.

SIGNED this _____ day of _____ 20 _____

at _____

Signature: _____

Name: _____

Auditor-General of the Republic of South Africa

OUDITEUR-GENERAAL VAN SUID-AFRIKA

NO. 526

01 APRIL 2019

Wet op Openbare Oudit, 2004 (Wet No. 25 van 2004):**Regulasies oor Wesenlike Onreëlmatighede**

Ek, Thembekile Makwetu, Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika, het ingevolge artikel 52 van die Wet op Openbare Oudit, 2004 (Wet No. 25 van 2004), saamgelees met die onderskeie artikels soos in die regulasies hieronder aangedui, die regulasies en aanhangsel uitgevaardig wat in die bylae uiteengesit is.

BYLAE**Inhoudsopgawe****Regulasies****DEEL 1: KORT TITEL EN WOORDOMSKRYWINGS**

1. Kort titel
2. Woordomsrywings

DEEL 2: WESENLIKE ONREËLMATIGHEID

3. Wesenlike onreëlmatigheid
4. Besluit oor wesenlike onreëlmatigheid

DEEL 3: VERWYSING

5. Proses vir verwysing van vermoedelik wesenlike onreëlmatigheid
6. Ondersoek deur openbare liggaam

7. Uitslag van ondersoek

DEEL 4: REGSTELLEDE STAPPE

8. Toepassing van aanbeveling in ouditverslag
9. Versuim om aanbeveling in ouditverslag toe te pas
10. Toepassing van regstellende stappe
11. Proses vir regstellende stappe wat nie finansiële verlies behels nie

DEEL 5: SKULDSERTIFIKAAT

12. Skuldsertifikaat
13. Kennisgewing wanneer Ouditeur-Generaal oorweeg om skuldsertifikaat uit te reik
14. Geskrewe vertoë gerig deur rekenpligtige beampte, rekenpligtige gesag of lede van rekenpligtige gesag
15. Uitnodiging om mondelinge vertoë te rig
16. Advieskomitee
17. Mondelinge vertoë
18. Oorweging van mondelinge vertoë deur advieskomitee en verslag aan Ouditeur-Generaal
19. Uitreiking van skuldsertifikaat
20. Invordering van bedrag in skuldsertifikaat gespesifiseer

AANHANGSEL

Skuldsertifikaat

DEEL 1: KORT TITEL EN WOORDOMSKRYWINGS

Kort titel

1. Hierdie regulasies is die Regulasies oor Wesenlike Onreëlmatighede.

Woordomsrywings

2. In hierdie regulasies het 'n woord waaraan 'n betekenis in die Wet op Openbare Oudit, 2004 (Wet No. 25 van 2004) geheg word, daardie betekenis, en tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

“**advieskomitee**” die raadgewende struktuur beoog in artikel 5(2)(b) van die Wet;

“**direktief**” 'n direktief beoog in artikel 5A(3) van die Wet wat met 'n finansiële verlies verband hou;

“**dokument**” sluit in enige vasgelegde inligting, ongeag die vorm of medium daarvan;

“**geldende wetgewing**” enige wetgewing wat 'n openbare liggaam skep of wat vir daardie openbare liggaam se mandaat, funksies, magte, regte, pligte of verpligtinge voorsiening maak.;

“**openbare liggaam**” enige staatsorgaan soos omskryf in artikel 239 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, en enige entiteit waarna in artikel 4(3) van die Wet verwys word, ongeag of daardie entiteit in die Republiek of elders geleë is;

“**persoon**” 'n persoon soos omskryf in artikel 2 van die Interpretasiewet, 1957 (Wet No. 33 van 1957); en

“**skriftelik**” sluit enige elektroniese middele in wat deur die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, 2002 (Wet No. 25 van 2002) gemagtig word, en “geskrewe” het 'n soortgelyk betekenis;

“**skuldsertifikaat**” 'n sertifikaat ingevolge artikel 5B(1) van die Wet uitgereik; en

“**Wet**” die Wet op Openbare Oudit, 2004.

DEEL 2: WESENLIKE ONREËLMATIGHEID

Wesenlike onreëlmatigheid

3.(1) Hierdie Deel moet met artikels 4, 5(1)(d), 5(1A), 5A, 20(4) en 52(1A) van die Wet saamgelees word.

(2) Indien die Ouditeur-Generaal tydens 'n oudit deur die Ouditeur-Generaal onderneem vermoed of vasstel dat 'n wesenlike onreëlmatigheid plaasvind of plaasgevind het, moet hy of sy onverwyld —

- (a) die rekenpligtige beampte of rekenpligtige gesag van daardie geouditeerde, na gelang van die geval, van sy of haar vasstelling in daardie opsig in kennis stel;
- (b) daardie rekenpligtige beampte of daardie rekenpligtige gesag van enige tersaaklike inligting voorsien;
- (c) daardie rekenpligtige beampte of daardie rekenpligtige gesag uitnooi om binne 'n tydperk deur die Ouditeur-Generaal bepaal skriftelike voorleggings en stawende

dokumente ten opsigte van die wesenlike onreëlmatigheid of vermoedelik wesenlike onreëlmatigheid te maak of voor te lê betreffende—

- (i) die vraag of die omstandighede wat gelei het tot die wesenlike onreëlmatigheid of vermoedelik wesenlike onreëlmatigheid wat plaasgevind het, toepaslik aangespreek is en nie meer teenwoordig is nie;
- (ii) die vraag of tersaaklike stappe geneem is wat die wesenlike onreëlmatigheid of vermoedelik wesenlike onreëlmatigheid aanspreek, en die resultate daarvan, indien enige;
- (iii) die vraag of, indien van toepassing, tersaaklike stappe geneem is om enige verlies of skade as gevolge van die wesenlike onreëlmatigheid of vermoedelik wesenlike onreëlmatigheid te voorkom, of vir die verhaling van enige verlies wat gely is;
- (iv) die vraag of, indien van toepassing, toepaslike stappe geneem is teen enige persoon wat vir die wesenlike onreëlmatigheid of vermoedelik wesenlike onreëlmatigheid verantwoordelik is;
- (v) die vraag of toepaslike stappe geneem is om 'n herhaling van die wesenlike onreëlmatigheid of vermoedelik wesenlike onreëlmatigheid te voorkom;
- (vi) enige ander tersaaklike aangeleentheid wat met die wesenlike onreëlmatigheid of vermoedelik wesenlike onreëlmatigheid verband hou.

(3) Indien daardie rekenpligtige beampte of daardie rekenpligtige gesag versuim of weier om die voorleggings beoog in paragraaf (c) van subregulasie (2) te maak, of versuim om dit te doen binne die tydperk deur die Ouditeur-Generaal bepaal, kan die Ouditeur-Generaal voortgaan op die basis dat die rekenpligtige beampte of rekenpligtige gesag versuim het om toepaslike stappe te neem om die wesenlike onreëlmatigheid of die vermoedelik wesenlike onreëlmatigheid aan te spreek.

Besluit oor wesenlike onreëlmatigheid

4.(1) Die Ouditeur-Generaal, wanneer hy of sy sy of haar diskresie uitoefen om te bepaal of 'n vermoedelik wesenlike onreëlmatigheid uitgewys tydens 'n audit kragtens die Wet na 'n openbare liggaam vir ondersoek verwys behoort te word, moet hy of sy alle tersaaklike faktore in ag neem, wat die volgende kan insluit:

- (a) of die vermoedelik wesenlike onreëlmatigheid reeds onderhewig is aan 'n ondersoek deur enige ander openbare liggaam wat gemagtig is om dit te doen, of deur 'n geregshof;
- (b) of enige ander openbare liggaam is beter geplaas is om die aangeleentheid te ondersoek en indien van toepassing, om toepaslike stappe te neem ooreenkomstig die liggaam se mandaat, funksies en magte soos in reg voor voorsiening gemaak word;
- (c) of die stappe geneem deur die rekenpligtige beampte of rekenpligtige gesag toepaslik, genoegsaam en effektief was, en betyds geneem is om enige verlies, misbruik of skade te voorkom, of om enige verlies te verhaal en te verseker dat toepaslike stappe teen die verantwoordelike persoon geneem is of word;
- (d) die daadwerklike of vermoede betrokkenheid van die rekenpligtige beampte of rekenpligtige gesag, die uitvoeringsgesag of enige ander politieke ampsbeksleërs in enige transaksie of omstandighede wat die wesenlike onreëlmatigheid daarstel of daartoe bydra.

(2) Die Ouditeur-Generaal kan inligting ten opsigte van 'n verwysing wat ingevolge artikel 5(1A) van die Wet gemaak is, in die ouditverslag van die tersaaklike geouditeerde insluit.

(3) Sonder om die magte van die Ouditeur-Generaal in te kort, kan hy of sy aanbevelings in die ouditverslag ingevolge artikel 20(4) van die Wet maak ten opsigte van die stappe wat die rekenpligtige beampte of rekenpligtige gesag behoort te neem om aanspreek 'n wesenlike onreëlmatigheid of enige aspek van 'n wesenlike onreëlmatigheid wat nie na 'n openbare liggaam verwys is nie, aan te spreek.

(4) Die Ouditeur-Generaal kan 'n wesenlike onreëlmatigheid ondersoek wat nie na 'n openbare liggaam ingevolge artikel 5(1)(d) van die Wet verwys is nie.

DEEL 3: VERWYSING

Proses vir verwysing van vermoedelike wesenlike onreëlmatigheid

5.(1) Hierdie Deel moet met artikels 5(1)(d), 5(1A), 52(1) en 52(1A) van die Wet saamgelees word.

(2) Die Ouditeur-Generaal kan vir doeleindes van artikel 5(1A) van die Wet 'n vermoedelik wesenlike onreëlmatigheid na meer as een openbare liggaam vir ondersoek verwys, sodat elke

openbare liggaam daardie aspekte van die vermoedelik wesenlike onreëlmatigheid kan ondersoek wat binne elkeen se onderskeie mandaat val.

(3) Indien die Ouditeur-Generaal besluit het om 'n vermoedelik wesenlike onreëlmatigheid na 'n tersaaklike openbare liggaam vir ondersoek te verwys, moet hy of sy daardie verwysing skriftelik by daardie openbare liggaam indien, whereby ingesluit is –

- (a) volle besonderhede van die agtergrond van en die omstandighede wat met die vermoedelik wesenlike onreëlmatigheid verband hou;
- (b) enige tersaaklike ondersteunende dokumente; en
- (c) 'n versoek om van vordering deur die openbare liggaam ingelig te word met tussenposes deur die Ouditeur-Generaal vasgestel en van die resultate van die ondersoek.

(4) Indien die Ouditeur-Generaal besluit het om 'n vermoedelik wesenlike onreëlmatigheid na 'n openbare liggaam vir ondersoek te verwys, moet hy of sy 'n kennisgewing van die ondersoek op die rekenpligtige beampte of die rekenpligtige gesag, na gelang van die geval, en, indien van toepassing, op die uitvoeringsgesag van daardie geouditeerde laat bedien, wat ook van genoegsame inligting voorsien moet word wat die doel en die gewigtigheid van die kennisgewing verduidelik.

(5) 'n Openbare liggaam na wie die Ouditeur-Generaal 'n vermoedelik wesenlike onreëlmatigheid vir ondersoek verwys het, moet onverwyld skriftelik ontvangs van die verwysing erken en moet na ontvangs van die verwysing–

- (a) indien die aangeleentheid nie binne die liggaam se mandaat waarvoor daar regtens voorsiening gemaak word om die ondersoek te hou, val nie, of indien sy funksies of magte nie 'n effektiewe ondersoek van die vermoedelik wesenlike onreëlmatigheid wat na hom verwys is, tot gevolg sal hê nie, die Ouditeur-Generaal van daardie omstandighede in kennis stel;
- (b) indien die liggaam wel in staat is om 'n ondersoek te hou, die Ouditeur-Generaal van die datum waarop sy ondersoek begin, in kennis stel.

(6) Die Ouditeur-Generaal kan met 'n openbare liggaam op maatreëls of prosesse ooreenkom wat die toepassing van artikel 5(1A) van die Wet en hierdie regulasie sal bewerkstellig, maar sodanige ooreenkoms mag nie in konflik met die Wet, hierdie Regulasies of enige ander tersaaklike wetgewing wees nie.

Ondersoek deur openbare liggaam

6.(1) 'n Openbare liggaam na wie die Ouditeur-Generaal 'n vermoedelik wesenlike onreëlmatigheid vir ondersoek ingevolge regulasie 5(2) verwys het, moet –

- (a) 'n ondersoek hou en, indien van toepassing, toepaslike stappe neem ooreenkomstig sy mandaat, funksies en magte waarvoor daar regtens voorsiening gemaak is;
- (b) op die datums beoog in regulasie 5(3)(c) verslag aan die Ouditeur-Generaal doen met betrekking tot vordering;
- (c) indien verdragings in die voltooiing van die ondersoek voorkom, betyds skriftelik die Ouditeur-Generaal oor die redes vir die verdragings in kennis stel;
- (d) indien die ondersoek afgehandel is, die Ouditeur-Generaal skriftelik in kennis stel van die uitslag daarvan en van enige ander stappe deur daardie openbare liggaam ooreenkomstig sy geldende wetgewing geneem;
- (e) indien verdere stappe geneem is, die Ouditeur-Generaal skriftelik in kennis stel van –
 - (i) die besonderhede van enige verrigtinge wat teen 'n geouditeerde of enige ander persoon na die uitslag van die ondersoek ingestel is; en
 - (ii) die besonderhede van die resultate van enige verrigtinge beoog in subparagraaf (i);

en

- (f) die Ouditeur-Generaal skriftelik in kennis stel van enige ander aangeleentheid wat met betrekking tot die verwysing van toepassing kan wees.

(2) 'n Openbare liggaam wat 'n ondersoek afgehandel het moet benewens sy verpligtinge waarna in subregulasie (1) verwys word ooreenkomstig sy mandaat en magte die verslag van die ondersoek publiseer of sy bevindings bekend maak, tensy wetgewing anders bepaal, op enige wyse wat die liggaam in die omstandighede toepaslik vind of op 'n wyse waarop daar met die Ouditeur-Generaal ooreengekom is.

Uitslag van ondersoek

7. Sonder inkorting van enige regte, kan die Ouditeur-Generaal tydens enige daaropvolgende audit van 'n geouditeerde die uitslag van 'n ondersoek deur 'n openbare liggaam en enige stappe wat uit so 'n ondersoek voortgevloei het, in ag neem om te bepaal of enige verdere stappe ooreenkomstig die Wet vereis word.

DEEL 4: REGSTELLEDE STAPPE

Toepassing van aanbeveling in auditverslag

8.(1) Hierdie Deel moet met artikels 5(1)(d), 5(1B), 5A, 20(4), 52(1) en 52(1A) van die Wet saamgelees word.

(2) Indien die Ouditeur-Generaal 'n aanbeveling in die auditverslag beoog in artikel 20(4) van die Wet met betrekking tot 'n wesenlike onreëlmatigheid gemaak het, moet die rekenpligtige beampte of rekenpligtige gesag, na gelang van die geval, binne die tydperk in die auditverslag vir doeleindes van artikel 5A(1) van die Wet voorgeskryf, –

- (a) dokumente indien ter staving van die uitvoering van daardie aanbeveling, en enige ander tersaaklike inligting met betrekking tot die aanbeveling, by die Ouditeur-Generaal indien; of
- (b) indien daardie rekenpligtige beampte of daardie rekenpligtige gesag versuim het om daardie aanbeveling uit te voer, die redes vir die versuim om dit te doen.

Versuim om aanbeveling in auditverslag toe te pas

9.(1) Sou die rekenpligtige beampte of rekenpligtige gesag van 'n geouditeerde, na gelang van die geval, versuim om aan regulasie 8(2)(a) te voldoen, of versuim om die aanbeveling in die auditverslag tot die Ouditeur-Generaal se bevrediging toe te pas, moet die Ouditeur-Generaal daardie rekenpligtige beampte of daardie rekenpligtige gesag, en, indien van toepassing, die uitvoeringsgesag van daardie geouditeerde, in kennis stel van -

- (a) die redes waarom regstellende stappe geneem moet word;
- (b) die vereiste regstellende stappe wat deur daardie rekenpligtige beampte of daardie rekenpligtige gesag geneem moet word;
- (c) die tydsraamwerk vir uitvoering en verslagdoening met betrekking tot die regstellende stappe; en
- (d) die gevolge van versuim om die regstellende stappe betyds te neem.

(2) Indien die regstellende stappe waarna in subregulasie (1) verwys word 'n direktief insluit, kan daardie direktief voorsiening maak vir -

- (a) besonderhede van die wesenlike onreëlmatigheid wat die finansiële verlies tot gevolg gehad het;
- (b) instruksies aangaande die faktore wat vir die bepaling van die bedrag van die verlies in ag geneem moet word;

- (c) instruksies aangaande die tydstussenposes vir en die frekwensie van verslagdoening aan die Ouditeur-Generaal deur die rekenpligtige beampte of rekenpligtige gesag, na gelang van die geval, ten opsigte van vordering met die verhaling van die verlore bedrag;
 - (d) inligting wat die aandag van daardie rekenpligtige beampte of daardie rekenpligtige gesag op die bepaling van artikel 5B van die Wet vestig; en
 - (e) enige ander aangeleentheid wat die Ouditeur-Generaal nodig ag.
- (3) Hierdie regulasie moet nie uitgelê word as sou dit die verwysing van 'n vermoedelik wesenlike onreëlmatigheid ingevolge artikel 5(1A) van die Wet en ingevolge Deel 3 verhoed nie.

Toepassing van regstellende stappe

10.(1) Die rekenpligtige beampte of rekenpligtige gesag van die geouditeerde, na gelang van die geval, moet binne die tydperk deur die Ouditeur-Generaal voorgeskryf die Ouditeur-Generaal van stawende dokumente voorsien met betrekking tot -

- (a) die besonderhede van enige stappe wat geneem is om die vereiste regstellende stappe tot uitvoering te bring;
 - (b) die resultate van die regstellende stappe wat geneem is;
 - (c) indien van toepassing, die faktore wat by die bepaling van die bedrag van die finansiële verlies in ag geneem is ooreenkomstig die direktief, die metodologie, die proses en die berekenings toegepas om die bedrag vas te stel asook die bedrag aldus vasgestel; en
 - (d) indien van toepassing, bevestiging dat toepaslike stappe geneem is om enige bedrag aan die Staat verskuldig te verhaal.
- (2) Indien daardie rekenpligtige beampte of daardie rekenpligtige gesag versuim of weier om die dokumente beoog in subregulasie (1) in te dien, of versuim om dit binne die tydperk deur die Ouditeur-Generaal voorgeskryf te doen, kan die Ouditeur-Generaal op die basis voortgaan dat die geouditeerde nie die vereiste regstellende stappe geneem het nie.
- (3) Na ontvangs van die dokumente beoog in subregulasie (1), indien enige, moet die Ouditeur-Generaal –
- (a) bepaal of die vereiste regstellende stappe deur daardie rekenpligtige beampte of daardie rekenpligtige gesag geneem is; en

(b) binne 'n redelike tydperk daardie rekenpligtige beampte of daardie rekenpligtige gesag en, indien van toepassing, die uitvoeringsgesag van daardie geouditeerde, van sy of haar bepaling in daardie opsig skriftelik in kennis stel.

(4) Indien daardie rekenpligtige beampte of daardie rekenpligtige gesag versuim om die finansiële verlies beoog in subregulasie (1)(c) te bepaal, of indien die Ouditeur-Generaal van mening is dat die finansiële verlies nie akkuraat bepaal is nie, kan die Ouditeur-Generaal self die bedrag van die finansiële verlies bepaal.

Proses vir regstellende stappe wat nie finansiële verlies behels nie

11.(1) Hierdie Regulasie moet met artikel 5A(2) en 52(1) van die Wet saamgelees word.

(2) Indien die Ouditeur-Generaal bepaal het dat die vereiste regstellende stappe nie deur die rekenpligtige beampte of die rekenpligtige gesag, na gelang van die geval, geneem is nie, maar dat die wesenlike onreëlmatigheid nie 'n finansiële verlies vir die Staat tot gevolg het of waarskynlik tot gevolg sal hê nie, kan die Ouditeur-Generaal verdere tersaaklike stappe neem, insluitende -

- (a) om die uitvoeringsgesag, tersaaklike wetgewer of enige tersaaklike liggaam aangaande die versuim deur die rekenpligtige beampte of rekenpligtige gesag om regstellende stappe te neem, in kennis te stel;
- (b) regsgedinge; of
- (c) enigiets anders in artikel 5(2)(c) van die Wet beoog.

DEEL 5: SKULDSERTIFIKAAT

Skuldsertifikaat

12.(1) Hierdie Deel moet met artikels 5(2)(b), 5A(3), 5B en 52(1A) van die Wet saamgelees word.

(2) Vir doeleindes van hierdie Deel, sluit "rekenpligtige beampte" ook 'n voormalige rekenpligtige beampte in, en "lid van die rekenpligtige gesag" sluit ook 'n voormalige lid van die rekenpligtige gesag in.

(3) Die Ouditeur-Generaal moet wanneer hy of sy 'n skuldsertifikaat uitreik in die geval van 'n rekenpligtige beampte of rekenpligtige gesag, na gelang van die geval, wat versuim het om aan regstellende stappe te voldoen, ooreenkomstig die prosedures waarvoor daar in hierdie Deel asook in subartikels (4), (5) en (6) van artikel 5B van die Wet voorsiening gemaak is, handel.

Kennisgewing wanneer Ouditeur-Generaal oorweeg om skuldsertifikaat uit te reik

13. Die Ouditeur-Generaal moet wanneer hy of sy oorweeg om 'n skuldsertifikaat uit te reik aan 'n rekenpligtige beampte, rekenpligtige gesag of individuele lede van 'n rekenpligtige gesag, na gelang van die geval, wat versuim het om die regstellende stappe beoog in artikel 5A van die Wet te neem –

- (a) kennisgewing gee aan daardie rekenpligtige beampte, daardie rekenpligtige gesag of daardie lede van daardie rekenpligtige gesag dat hy of sy oorweeg om aldus op te tree;
- (b) daardie rekenpligtige beampte, daardie rekenpligtige gesag of daardie lede van daardie rekenpligtige gesag van die redes vir die oorweging om 'n skuldsertifikaat uit te reik, in kennis stel;
- (c) die bedrag aandui ten opsigte waarvan die skuldsertifikaat uitgereik gaan word;
- (d) daardie rekenpligtige beampte, daardie rekenpligtige gesag of daardie lede van daardie rekenpligtige gesag uitnoui om skriftelike verhoë ten opsigte van die aangeleentheid binne 20 dae vanaf die datum van daardie kennisgewing aan die Ouditeur-Generaal te rig;
- (e) die aandag van daardie rekenpligtige beampte, daardie rekenpligtige gesag of daardie lede van daardie rekenpligtige gesag op die bepalings van artikel 5B van die Wet vestig;
- (f) indien van toepassing, individuele lede van 'n rekenpligtige gesag in kennis stel dat elkeen van hulle persoonlik, gesamentlik en afsonderlik, aanspreeklik vir enige verlies is; en
- (g) van enige ander inligting voorsien wat die Ouditeur-Generaal mag nodig ag.

Geskrewe verhoë gerig deur rekenpligtige beampte, rekenpligtige gesag of lede van rekenpligtige gesag

14.(1) Die rekenpligtige beampte, rekenpligtige gesag of individuele lede van 'n rekenpligtige gesag, na gelang van die geval, moet binne 20 dae van die datum van die kennisgewing die skriftelike verhoë beoog in regulasie 13(d) indien, wat ook dokumente of inligting met betrekking tot die wesenlike onreëlmatigheid kan insluit wat nie voorheen by die Ouditeur-Generaal ingedien is nie.

(2) Indien daardie rekenpligtige beampte, daardie rekenpligtige gesag of daardie lede van daardie rekenpligtige gesag versuim om die skriftelike verhoë beoog in subregulasie (1) in te dien, of

versuim om aldus binne die voorgeskrewe tydperk te doen, kan die Ouditeur-Generaal op die basis voortgaan dat daardie rekenpligtige beampte, daardie rekenpligtige gesag of daardie lede van daardie rekenpligtige gesag geen beswaar teen die uitreiking van 'n skuldsertifikaat het nie.

Uitnodiging om mondelinge vertoë te rig

15. (1) Na oorweging van die skriftelike vertoë ingedien deur die rekenpligtige beampte, die rekenpligtige gesag of die individuele lede van 'n rekenpligtige gesag, na gelang van die geval, indien enige, moet die Ouditeur-Generaal binne 'n redelike tyd daardie rekenpligtige beampte, daardie rekenpligtige gesag of daardie lede van daardie rekenpligtige gesag skriftelik van die resultaat van die beoordeling van die vertoë beoog in regulasie 14(1) in kennis stel, waarin aangedui word –

- (a) of die Ouditeur-Generaal steeds die uitreiking van 'n skuldsertifikaat oorweeg, of nie; en
- (b) indien hy of sy steeds oorweeg om 'n skuldsertifikaat uit te reik, die redes vir sy of haar besluit.

(2) Indien die Ouditeur-Generaal na oorweging van die skriftelike vertoë beoog in regulasie 14(1) dit steeds oorweeg om 'n skuldsertifikaat uit te reik, moet hy of sy skriftelik 'n uitnodiging aan daardie rekenpligtige beampte, daardie rekenpligtige gesag of daardie lede van daardie rekenpligtige gesag rig om mondelinge vertoë aan 'n advieskomitee ingestel ingevolge artikel 5(2)(b) van die Wet te rig waarin -

- (a) besonderhede van die reëlings vir die datum en plek van die mondelinge vertoë vervat is; en
- (b) die datum waarteen daardie rekenpligtige beampte, daardie rekenpligtige gesag of daardie lede van daardie rekenpligtige gesag die Ouditeur-Generaal in kennis moet stel van sy, haar of hulle voorneme om mondelinge vertoë te rig, vermeld word.

Advieskomitee

16.(1) Indien die rekenpligtige beampte, die rekenpligtige gesag of individuele lede van 'n rekenpligtige gesag, na gelang van die geval, aangetoon het dat hy, sy of hulle beoog om mondelinge vertoë soos beoog in artikel 5B(5)(a) van die Wet te rig, moet die Ouditeur-Generaal ingevolge artikel 5(2)(b) van die Wet 'n advieskomitee vir doeleindes van die aanhoor van mondelinge vertoë aanstel.

- (2) Die advieskomitee moet bestaan uit –
- (a) 'n persoon wat beskik oor 'n Suid-Afrikaanse regsgraad of 'n regsgraad wat in Suid-Afrika erken word, wat die voorsitter van die advieskomitee is;
 - (b) 'n ouditeur wat ooreenkomstig die Auditing Profession Wet, 2005 (Wet No. 26 van 2005) geregistreer is; en
 - (c) enige ander persoon of persone wat die Ouditeur-Generaal in sy of haar uitsluitlike diskresie nodig ag.
- (3) Die lede van die advieskomitee word aangestel en vergoed ooreenkomstig die bepalings en voorwaardes deur die Ouditeur-Generaal vasgestel.
- (4) Enige persoon wat in beginsel tot sy of haar aanstelling op 'n advieskomitee instem moet voor sy of haar formele aanstelling deur die Ouditeur-Generaal, en voor enige aanhoring, enige potensiële konflik van belange verklaar.

Mondelinge vertoë

- 17.(1) Die aanhoring van mondelinge vertoë moet ooreenkomstig toepaslike reg en die reëls van natuurlike geregtigheid geskied.
- (2) Die Ouditeur-Generaal moet tydig –
- (a) die lede van die advieskomitee van alle tersaaklike inligting voorsien wat op die aangeleentheid betrekking het; en
 - (b) die rekenpligtige beampte, die rekenpligtige gesag of die individuele lede van 'n rekenpligtige gesag, na gelang van die geval, van enige dokumente voorsien wat nog nie voorheen aan hom, haar of hulle voorsien is nie, of wat nie redelikerwys van hom, haar of hulle verwag kan word om in sy, haar of hulle besit te hê nie.
- (3) Onderhewig aan subregulasie (1), mag geen werknemer van die Ouditeur-Generaal of enige ander persoon voor die aanhoor van mondelinge vertoë die advieskomitee oor die meriete van die aangeleentheid wat deur die advieskomitee beoordeel gaan word, inlig of andersins met die advieskomitee in verbinding tree nie.
- (4) Tydens die aanhoor van mondelinge vertoë het die rekenpligtige beampte, rekenpligtige gesag of die individuele lede van die rekenpligtige gesag die reg tot regsverteenvoerdiging, vir sy, haar of hulle eie onkoste.
- (5) Die lede van die advieskomitee kan onderhewig aan aanwysings deur die voorsitter van daardie komitee enige vraag vra of verduidelikings vereis ten opsigte van enige saak wat op die aangeleentheid voor die advieskomitee van toepassing is.

(6) Onderhewig aan aanwysings van die voorsitter van die advieskomitee, kan daardie rekenpligtige beampte, daardie rekenpligtige gesag of daardie lede van daardie rekenpligtige gesag skriftelike dokumente indien wat nie voorheen by die skriftelike voorleggings beoog in regulasie 13(d) ingesluit is nie.

(7) Werknemers van die Ouditeur-Generaal kan in die uitsluitlike diskresie van die voorsitter van die advieskomitee die aanhoor van mondelinge vertoë bywoon, maar sodanige werknemers mag nie praat of enige dokumente aan die advieskomitee voorlê nie, tensy die voorsitter van die advieskomitee in sy of haar uitsluitlike diskresie anders gelas.

(8) Die Ouditeur-Generaal moet toestelle vir 'n oudio-opname van die aanhoring verskaf, en die Ouditeur-Generaal moet na skriftelike versoek deur daardie rekenpligtige beampte, daardie rekenpligtige gesag of daardie lede van daardie betrokke rekenpligtige gesag onverwyld en gratis 'n afskrif van die opname van die aanhoring aan daardie rekenpligtige beampte, daardie rekenpligtige gesag of daardie lede van daardie rekenpligtige gesag verskaf.

(9) Indien daardie rekenpligtige beampte, daardie rekenpligtige gesag of daardie lede van daardie rekenpligtige gesag versuim of weier na om die aanhoor van mondelinge vertoë by te woon, moet die advieskomitee daardie feit skriftelik aan die Ouditeur-Generaal rapporteer, en die Ouditeur-Generaal kan voortgaan op die basis dat daardie rekenpligtige beampte, daardie rekenpligtige gesag of daardie lede van daardie rekenpligtige gesag van sy, haar of hulle reg om mondelinge vertoë te maak, afstand gedoen het.

Oorweging van mondelinge vertoë deur advieskomitee en verslag aan Ouditeur-Generaal

18.(1) Die advieskomitee moet, wanneer die mondelinge vertoë beoog in regulasie 17 oorweeg word, in ag neem –

- (a) alle inligting wat deur die Ouditeur-Generaal voor die aanhoor van mondelinge vertoë tot die advieskomitee se beskikking gestel is;
- (b) die mondelinge vertoë gerig deur die rekenpligtige beampte, die rekenpligtige gesag of die individuele lede van 'n rekenpligtige gesag, na gelang van die geval, en enige dokument ingedien deur daardie rekenpligtige beampte, daardie rekenpligtige gesag of daardie lede van daardie rekenpligtige gesag;
- (c) norme en standaarde deur die Ouditeur-Generaal vir hierdie doel vasgestel, indien enige;
- (d) enige toepaslike reg; en
- (e) enige ander tersaaklike faktore.

(2) Die advieskomitee moet binne 'n tydperk skriftelik deur die Ouditeur-Generaal bepaal sy bevindings en aanbevelings aangaande die mondelinge verhoë deur daardie rekenpligtige beampte, daardie rekenpligtige gesag of daardie lede van daardie rekenpligtige gesag gerig, by die Ouditeur-Generaal vir sy of haar oorweging indien.

Uitreiking van skuldsertifikaat

19.(1) Vir doeleindes van hierdie regulasie en regulasie 20, beteken "rekenpligtige gesag" elke persoon wat 'n lid van die rekenpligtige gesag was gedurende die tydperk toe die regstellende stappe geneem moes word, en sodanige persoon is gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik vir die betaling van 'n bedrag ingevolge enige tersaaklike reg bepaal.

(2) Die Ouditeur-Generaal moet binne 'n redelike tydperk -

- (a) die bevindings en aanbevelings van die advieskomitee beoog in regulasie 18(2) oorweeg; en
- (b) ingevolge artikel 5B(1) van die Wet maar onderhewig aan subregulasie (3), 'n besluit neem ten opsigte van die uitreiking van 'n skuldsertifikaat aan die rekenpligtige beampte of die individuele lede van daardie rekenpligtige gesag, na gelang van die geval.

(3) Indien van toepassing, moet die Ouditeur-Generaal wanneer die besluit beoog in subregulasie (2)(b) geneem word, die feit buite rekening laat dat 'n persoon wat 'n werknemer was van die geouditeerde of 'n lid was van die rekenpligtige gesag, na gelang van die geval, tydens die tydperk toe die regstellende stappe geneem moes word, ten tyde van die neem van daardie besluit nie meer sodanige werknemer of lid is nie.

(4) Die Ouditeur-Generaal moet binne 'n redelike tydperk daardie rekenpligtige beampte of daardie lede van daardie rekenpligtige gesag skriftelik van sy of haar besluit aangaande die uitreiking van die skuldsertifikaat in kennis stel.

(5) Indien die Ouditeur-Generaal besluit het om die skuldsertifikaat uit te reik, moet hy of sy –

- (a) ingevolge artikel 5B(1) van die Wet, die skuldsertifikaat op daardie rekenpligtige beampte of daardie lede van daardie rekenpligtige gesag laat bedien; en
- (b) ingevolge artikel 5B(2) van die Wet, 'n afskrif van die skuldsertifikaat op die uitvoeringsgesag van die geouditeerde laat bedien,

tesame met –

- (i) redes vir sy of haar besluit; en

- (ii) die datum wanneer of die tydstussenposes waarbinne die uitvoeringsgesag die Ouditeur-Generaal van vordering met betrekking tot die voldoening aan of uitvoering van die skuldsertifikaat skriftelik in kennis moet stel.
- (6) Die skuldsertifikaat beoog in subregulasie (5) –
 - (a) moet in die vorm wees soos wat daar in die Aanhangsel voorsiening gemaak word;
 - (b) moet deur die persoon as Ouditeur-Generaal aangestel geteken word.

Invordering van bedrag in skuldsertifikaat gespesifiseer

20.(1) Die rekenpligtige beampte of lede van die rekenpligtige gesag vermeld in die skuldsertifikaat moet die bedrag in daardie skuldsertifikaat uiteengesit aan die Staat betaal.

(2) Die uitvoeringsgesag beoog in artikel 5B(2) van die Wet moet binne 'n tydperk deur die Ouditeur-Generaal bepaal en daarna met gereelde tussenposes soos deur die Ouditeur-Generaal bepaal in die skuldsertifikaat skriftelik verslag aan die Ouditeur-Generaal doen aangaande vordering met die verhalings van die bedrag in die skuldsertifikaat vermeld.

(3) Indien die uitvoeringsgesag versuim om aan subregulasie (2) te voldoen of indien onvoldoende vordering met die verhalings van die bedrag gemaak is, moet die Ouditeur-Generaal daardie uitvoeringsgesag skriftelik in kennis stel van sy of haar voorneme om verslag van daardie versuim aan die tersaaklike wetgewer te doen.

